trinitas

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

1 Verlos

SONDAG, 18 OKTOBER 2015

OGGEND 09:00

Gestuur vir opsie 3

Teks: Verskeie
Trinitas is as verloste familie diensknegte na Vanderbijlpark gestuur. Jy woon dalk al jou lewe lank hier, of het pas hier aangekom – maar dit is omdat God jou hierheen gestuur het. Dissipels se werk is nie om weg te bly van probleme en verkeerde dinge af nie. Ons behoort Jesus juis in daardie dinge in te volg. Hoe gaan jy in na die plekke wat sy genade nodig het en waarheen Jesus jou stuur?

AAND 18:00

Die goue reël
(Jou behoeftes het 'n doel)

Welkom aan Paul Grobler wat die aandbyeenkoms lei.
Teks: Matteus 7:12
Vra en jy sal kry ... So begin vers 7. Ons hou so baie daarvan om te hoor om te hoor ons kan net vra en kry en as ons weer sien dan dink ons God dien ons en ons wil en verloor ons perspektief oor waaroor dit regtig gaan. Maar wat beteken vers 12 dan vir ons vandag? Het my begeertes en behoeftes enige plek as ons Jesus volg? Jesus gee ons 'n idee van watter doel ons behoeftes speel en dit is nogal 'n groot rol. Met Matteus 7:12 gaan ons leer dat jou behoeftes dalk 'n groter sleutel in God se koninkryk speel as wat jy dink.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Vandag

Belydenisklas en -ouers vergader na die erediens vanoggend
Belydenisklas met Paul Grobler 15:30-17:30
Medewerkers vergadering 16:00
Diakonievergadering 16:30

Dinsdag, 20 Oktober

Bybelstudie 19:00
Winning @work and @home 18:00

Woensdag, 21 Oktober

Bybelstudie 09:00

Vrydag, 23 Oktober

Manne-oggend 05:30



2 Familie

LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Kobus Bester (0837640063) is steeds in Morningside kliniek. Dit gaan nie goed met hom nie.
- Jacob Tromp (0829087325) het sy pelvis gebreek en is in traksie in Verg. Medi-Clinic.
- Renette Meyer (0836610349) sterk tuis aan na haar operasie.
- Chris Vermaak (0824572091) gaan Woensdag na 'n oogspesialis in Pretoria-Noord.
- Dalinda Swart (0828505654) het 'n operasie in Waterfall City hospitaal in Midrand ondergaan.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

18/10	Tina J v Vuuren	☎0837881810
18/10	Bea-Landi Lourens	☎0169324849
19/10	Toetie Terblanche	☎0825723328
19/10	Nannes vd Walt	☎0833041841
20/10	Gawie Bezuidenhout	☎0721280714
20/10	Elize Smit	☎0824472569
20/10	Nico vd Walt	☎0169324466
20/10	Nadia Conroy	☎0743507127
21/10	Griffel van Wyk	☎0823543726
21/10	Mikayla Viviers	☎0824473875
22/10	Petro Atkins	☎0832593798
23/10	Erno Nel	☎0825538104
23/10	Herman van der Elst	☎0832341225
24/10	Elsa Prinsloo	☎0794778699
24/10	Jan vd Westhuizen	☎0844890144

SPESIALE VERJAARSDAE

Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS
Geen.

ATTESTATE/BEWYSE
Word afgekondig.

HUISBESOEKVORMS
Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of Die **Helper** se kassie by die kerk se hoofingang.

BYBELSTUDIES
Woensdae om 09:00 by die kerk.
Dinsdae om 19:00 (Carterstraat 16).

NUWE LIDMATE
Die diakonie is aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. By die Welkomhoekie in die saal is 'n boek waarin jy al jou besonderhede kan aanteken.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Nannes van der Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
18/10 – Alan Brotherton en André Moolman

DIAKENS AAN DIENS
18/10 – Lozanne Roos en André Smith

KOSTER AAN DIENS
Theuns Odendaal

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span.

KOLLEKTES
Onder die erediens vir Diakonale Kas
18/10 – Effata (dowes)
25/10 – Kerklike tydskrifte

GEHOORAPPARATE
Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word.

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS
Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, 0828111990, vir inligting (*Preektekste sal Sondae na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees).*

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD
Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, kan 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit, 0711063978, gerig word.

TEESKINK
Vanoggend skink Lynette Roelofse se groepie. Sondag 25 Oktober skink Theuns Odendaal se groepie. Gretha van Wyk, 0764688963, is die sameroeper van die diensgroep.

KLEUTERKERK
Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammas van tweejariges kan

dit saam bywoon. Kontak Louise Venter, 0833022716, indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.** Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by:
FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

MEDEWERKERS
Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die wykslyste is in die saal teen die wit muur opgeplak en die betrokke ouderling word daarop aangetoon. Kontak gerus jou ouderling of Alan Brotherton, 0834685243, met enige vrae.

Die HELPER

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir lidmate wat bv. verswak het, bejaard is of dames wat enkellopend is. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak André Smith 0844627830 of Lozanne Roos, 0823353539.

KRUIDENIERSWARE BENODIG
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. **Ons benodig tans ook skenkings van koekies en lekkergoed vir Desember se kospakkies. (Plaas alle skenkings in die groot houer in die saal naby die kombuis –** Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)

BEROEP VAN DIAKENS
Die volgende persone se name word voorgehou vir goedkeuring om as diakens te beroep: Tertius Buys, Jan van der Westhuizen, Sias Voges en Ferreira Snyman. Lees gerus ook 'n interessante gedeelte oor die Bybelse vereistes vir 'n diaken op die laaste bladsye van die nuusbrief. Indien geen besware na drie Sondae by die kerkraad ingedien word teen hierdie persone nie sal voortgegaan word met die beroeping. Groete: Griffel.

4 Gestuur

GEMEENSKAPSAANDE
Ons as gestuurdes verstaan nog baie min van hoe om Jesus evangeliserend in ons omgewing in te volg en om instrumente in God se hande te wees waardeur mense tot bekering kom en by Trinitas aansluit. Ons gaan God vertrou en begin om meer daarvan te verstaan en te doen.

Ons gaan begin deur van tyd tot tyd 'n "*GEMEENSKAPSAAND*" te hou. Dit is geleenthede op Sondagaande waar ons óf eers hieroor leer, dink en beplan, óf werklik kontak maak met die gemeenskap om hulle met die evangelie te bereik.
Die **eerste *GEMEENSKAPSAAND* word beplan vir 25 Oktober 2015 om 18:00 in die kerksaal**. Daar gaan ons begin by die vraag: **Na wie is ons gestuur?** Die geleentheid gaan prakties wees en gaan ons help om te verstaan wie die mense in Vanderbijlpark is na wie jy kan uitreik en wat die dinge is waaraan ons as Trinitas moet begin dink om dit reg te kry.
Die **tweede GEMEENSKAPSAAND word beplan vir 29 November 2015 om 18:00 in die kerksaal.** Daar gaan ons begin gesels oor: **Hoe luister ons na ons gemeenskap se ongelowiges of vraende mense?** Ons wil eers baie goed verstaan wat reeds in hierdie mense se harte leef. Ons gaan daardie aand begin saamdink hoe ons met hulle kontak kan maak en dit uitvind deur na mense om ons te begin luister.
Ons weet wel nie waar dit alles ons gaan bring nie, maar in vertroue begin ons Jesus se opdrag volg. Kom volg saam met ons!

HERVORMINGSFEES
Trinitas en GK Vereeniging hou DV op Sondag, 1 November 'n Psalmfees by Vereeniging se kerkgebou. Dit sal bestaan uit 'n werkswinkel om 16:00 en 'n erediens om 18:00. Meer inligting volg later. Hou solank die datum oop. Groete: Erediensspan

KINDERSORG PIKININI WINTERPROJEK
Kontakpersoon: Jackie Kleynjan, Die projek loop regdeur die jaar en alle bydraes word in Meimaand by Kindersorg uitgedeel. Groete: Jackie Kleynjan 0833814020.

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Kontakpersone: Philip, 0834681035, Anne-Marie, 0798756743, Christa, 0798779882.

LOTUSLANDERS
Die Lotuslanders het die afgelope week 'n suksesvolle besoek en praatjie by Magic Gardens in Vereeniging gehad. Met hierdie geleentheid het ons ook afgesluit vir die jaar. Ons volgende byeenkoms geskied DV weer in 2016! Koos en Babsie Jacobs, 0836505227.

TOEKA LENTE-TEE
Wanneer: Donderdag 29 Okt. vir lidmate bo 70
Tyd: 09:30-11:30
Waar: In die kerksaal
Bring iets uit toeka se dae saam om vir die ander te wys.
Kontak Gretha van Wyk, 0764688963 vir meer besonderhede.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Baie dankie aan almal wat bydra om Madagaskar-sending aan die gang te hou. Indien julle voorstelle het, laat weet my asb. Groete in Jesus. Gert Visser, 0834491036. (Indien jy 'n bydrae wil lewer: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748)

Kontakpersoon:
Hardus Visser,
0828215642.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR OKTOBER

- 29 Okt. Toeka Lente-tee
- 1 Nov. Hervormingsfees

GKSA NUUS

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- FEBA Radio
- Geopende Deure; *opendoors.org.za*
- GKSA Jeugkantoor nuus
- Transoranje fondsinsamelingsprojekte
- Frankfort Riviertoer
- President Kruger brief
- Pretoria 1stejaarskamp (GK Brooklyn)

KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Dit bied toerusting aan jong, groeiende gelowiges om ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei kan lei.
Kostes: R116 (gedruk)/R85 (elektronies). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

PROJEK: FOTOMUUR

'n Projek word geloods om die geskiedenis van die voormalige Vanderbijlpark gemeentes saam met dié van Trinitas gemeente in 'n foto-tydlyn uit te beeld. Enige foto's wat hierdie geskiedenis vertel, is welkom! Kontak gerus vir Rineke Visser, 0718878260, met enige vrae. Elektroniese foto's kan aan die kerkkantoor gestuur word en uitgedrukte foto's kan Sondae ingehandig word by die ouderling aan diens. Laasgenoemde moet asb. 'n duidelik gemerkte koevert wees.
Groete: Toekomsspan

BYBELS EN PSALMBOEKE

Maak gerus tydens die erediens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal. Lidmate wat wil, kan nog Bybels en groen Psalmboeke skenk en op die tafel plaas vir erediensgebruik.

HERFSOORD BASAAR

Datum: Saterdag 31 Oktober
Tyd: 08:00
Plek: Eike Dienssentrum, Herfsoord
Kom geniet: Pannekoek, koeke, terte, konfyte, pasteitjies, hamburgers, doughnuts, beskuit, poeding, koeldrank, teetuin, wit olifanttafel en baie meer... (Koffie en tee gratis)
Sien jou daar!

TRINITAS-BOEK-HOEK: BRING JOU GEESTELIKE STOF!

Het jy geestelike boeke, CDs of DVDs wat jy reeds gelees en geluister het en nou net in jou huis rondlê? 'n Broer of suster of kind van Trinitas kan dalk jou 'ou' boek of CD as nuut ervaar!
Die Trinitas-Boek-Hoek sal elke Sondag vanaf November in die saal oop wees en lidmate is welkom om dan 'n boek of 'n 'nuwe' CD vir jou kind met geestelike liedjies of 'n DVD uit te neem. Nou benodig ons boeke, CDs, en

DVDs om hierdie diens te begin! Bring dit asb. kerk toe en plaas dit in die houers by die voordeur en agter in die saal wat gemerk is: Boek-Hoek. Daar moet asb. nie 'n gekrap of reeds ingeskryf wees nie, sodat dit vir elkeen wat dit lees, 'n eie ervaring kan wees. CDs en DVDs moet in werkende toestand wees.
Indien jy deel wil wees van hierdie diensgroep, kontak vir Franciska van der Merwe, 0827818032.

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za
GKTrinitas
Kerkkantoor:
Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
Kerkkantoortye:
Maandag tot Donderdag
Tye: 08:00 tot 13:00
Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)
Skriba:
Gerrit van Wyk 0823328550
Kosters:
Theuns Odendaal 0832561387
Elsa Prinsloo 0794778699
Orrelis:
Nannes van der Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas
ABSA Tjekrekening 530340449
Predikant:
Griffel van Wyk
☎ 0169324615 / 0823543726
Adres: Ogilviestraat 6, SE2 Vanderbijlpark
e-pos: griffel@gktrinitas.co.za

Na *WIE* is **trinitas** gestuur?

Wie? Alle gestuurdes
Waar? Kerksaal
Wanneer? Son 25 Okt 18:00

Hoe *LUISTER* **trinitas** na Vdrbijl

Wie? Alle Gestuurdes
Waar? Kerksaal
Wanneer? Son 29 Nov 18:00